RIGLYNE VIR HUWELIKSBEVESTIGER

Adresverandering:

Huweliksbevestigers wat verhuis en daarom hulle dokumentasie by ’n ander DBS-kantoor moet indien, word aangeraai om persoonlik hierdie saak by die DBS-kantoor waar hulle voorheen geregistreer was, aan te meld.

Die huweliksbevestiger moet sy/haar sinodale kantoor in kennis stel van die verandering, sodat dit ook in Pretoria by die DBS se hoofkantoor aangemeld kan word ter wille van hulle rekords.

Proses vir registrasie van ’n huwelik by DBS:

Alle huweliksbevestigers, of hulle gevolmagtigdes, is daarvoor verantwoordelik om die huweliksregister-afskrifte **so gou as moontlik** na die bevestiging van die huwelik by hulle naaste kantoor van die Departement van Binnelandse Sake (waar hulle geregistreer is) in te handig – en dit dus nie meer per pos te stuur nie.

Sien ‘n skrywe (gedateer **17 Januarie 2014**) van die DBS waarin hulle **versoek dat huwelike reeds in die week na die huwelikseremonie ingedien word vir registrasie**, eerder as om dit te laat oorstaan vir ‘n week of meer, hier.

Die huwelik-sertifikaat word soos gebruiklik nog steeds uitgereik, maar dis van min (eintlik geen) hulp met die opsporing van huweliksregistrasie nie. Daar’s geen kruisverwysings-nommers nie. (Dit mag goed wees om die verwysingsnommer van die huweliksregister ook op hierdie huwelik-sertifikaat te skryf vir toekomstige verwysing en navrae). Daarom word die eerste kopie van die huweliksregister nou aan die huwelikspaar gegee, sodat hulle iets in hulle besit het wat die geldigheid van hulle huwelik kan staaf indien daar probleme met die verwerking daarvan ontstaan.

Kry ’n maklike uiteensetting van die **invul van die huweliksregister** en alles wat daarmee saamgaan, op hierdie vorm.

Sinodale Kontakpersone:

Die volgende persone is per sinode gemoeid met navrae oor huweliksbevestigers se registrasie:

Hoëveld: Dr Bertus Koorts, 011 975 8220 / bestuurder@ngkhoeveld.co.za
KwaZulu-Natal: Me Sonja van der Walt, 033 345 2276 / sonja@ngkzn.org.za
Namibië: Ds Clem Marais, +264 (0)61 374350 / clem@ngkn.com.na
Noordelike Sinode: Me Hermien Swart, 012 440 6525 / hermien@noordsin.co.za
Noord-Kaapland: Ds Mossie Mostert, 053 832 9581 / noordkaapsinode@xsinet.co.za
Oos-Kaapland: Ds Danie Mouton, 041 365 3159 / sinode@ngkok.co.za

Oostelike Sinode: Me Elna de Bruyn, 012 804 9543 / aanbid@sinoos.co.za
Vrystaat: Me Thea Bosman, 051 406 6719 / kerkinfo@ngkvs.co.za
Wes-en-Suid-Kaap: Me Stephanie van der Merwe, 021 957 7116 / svdmerwe@kaapkerk.co.za
Wes-Transvaal: Me Elsa Kaestner, 012 331 7608/9 / elsa@ngk-wtvl.org.za
Kontak ook die **NG Kerk se Parlementêre Lessenaar** by 021 957 7195 / kommunikasie@kaapkerk.co.za

Siviele Verbintenisse:

Predikante in die NG Kerk word deur hulle sinodes by die Departement van Binnelandse Sake aanbeveel as huweliksbevestigers sodra hulle in hulle eerste gemeente bevestig word. Dit word gedoen in terme van Wet 25 van 1961 (Suid-Afrika se huwelikswet).Indien iemand 'n sogenaamde Siviele Verbintenis ("Civil Unions") met iemand van dieselfde geslag wil aangaan, moet dit voltrek word deur iemand wat ingevolge die Wet op Siviele Verbintenisse geregistreer is. Geen predikant van die NG Kerk is al deur 'n sinode tot sodanige registrasie by die DBS aanbeveel nie.

Status as Huweliksbevestiger:

Slegs persone met predikantsbevoegdheid kan permanente huweliksbevestigers wees. Die Algemene Sinode het in 2011 besluit dat **proponente nie** oor die ampsbevoegdheid beskik om sakramente te bedien, as huweliksbevestigers op te tree en om kerkraadsvergaderinge (tensy verkies as ouderling of diaken) as voorsitter te lei nie. Dus kan proponente nie as huweliksbevestigers aangestel word nie. Navrae hieroor kan gerig word aan die Algemene Sinode Taakspan Regte (ATR). Kontak die voorsitter, dr Johann Ernst, by jhernst@tiscali.co.za.

Emeritus predikante wat na aftrede hulle lisensie as huweliksbevestigers wil behou, moet deur middel van hulle betrokke sinodale kantore daarvoor aansoek doen.